

**Skriflesing:** 1 Konings 17: 17 – 24

Teks: **1 Konings 17:18, 21**

**Sing: VOORAF SANG – Ps. 146:1,3**

**TYDENS EREDIENS - Ps. 146:6, 8; Ps. 119: 52, 53; Ps. 48:5; Ps. 116:2,5,8**

**1 Konings 17: 17 – 24**

**1Ki 17:17** In dié tyd het die vrou, die eienares van die huis, se seuntjie siek geword. Hy het al hoe sieker geword totdat hy die laaste asem uitgeblaas het.

**1Ki 17:18** Toe sê sy vir Elia: "Kyk wat het u my aangedoen, man van God! Het u na my toe gekom om my sonde aan die lig te bring en my seuntjie daarom te laat doodgaan?"

**1Ki 17:19** Hy sê vir haar: "Gee jou kind hier," en hy tel hom van haar skoot af op. Toe dra hy hom na die bokamer toe waar hy tuis gegaan het en lê hom op die bed neer

**1Ki 17:20** en bid tot die Here: "Here my God, wil U nou oor hierdie weduwee by wie ek bly, 'n ramp bring deur haar kind te laat sterf?"

**1Ki 17:21** Toe gaan lê hy drie maal bo-oor die kind en smeed die Here: "Here my God, laat die lewe tog terugkom in die kind."

**1Ki 17:22** Die Here het Elia se gebed verhoor: die lewe het teruggekom, die kind het gelewe.

**1Ki 17:23** Toe bring Elia die kind van die bokamer af ondertoe en gee hom vir sy ma en sê: "Kyk! Jou seuntjie leef!"

**1Ki 17:24** Die vrou sê toe vir Elia: "Nou weet ek dat u 'n man van God is, en dat wat die Here deur u sê, die waarheid is."

**Skriflesing:** 1 Konings 17: 17 – 24

Teks: **1 Konings 17:18,21**

**Sing: VOORAF SANG – Ps. 146:1,3**

**TYDENS EREDIENS - Ps. 146:6, 8; Ps. 119: 52, 53; Ps. 48:5; Ps. 116:2,5,8**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het so twee weke terug Elia by 'n spruit aangetref, 'n spruit wat al droër en droër geword het. Tot die dag wat die spruit opgedroog het. Kraaie het wel vir Elia in die tyd wat hy by die spruit was deur die lug kos aangevlieg. Daar het 'n droogte geheers, iets verskriklik. 'n Droogte wat Elia die Here gebid het dat sy volk tot in hierdie droogte gedryf moes word, want sy volk se godsdiens teenoor die ware God was net so droog. Die volk het God verlaat. Nou het Elia buite sy land moes gaan, hy moes die land binnegaan waar die Baaldiens die ergste was. God stuur hom na 'n weduwee in Sarfat in die gebied van Sidon waar die afgod Baäl as die god van reën en vrugbaarheid gedien was. In 1 Konings 16 het ons al gelees hoe die Here se volk besig was om God uit te tart. Ons lees in 1 Konings 16 vers 33- *Agab het ook 'n gewyde paal opgerig en hy het meer gedoen om die Here die God van Israel uit te tart as al die konings van Israel voor hom.*

Watter verskriklike getuienis wat oor hierdie koning Agab uitgaan. Aan die spits van die groot afvalligheid was 'n vrou, Agab se vrou, Isebel. Haar pa was juis heerser oor die gebied waar Elia nou by die weduwee gaan woon het. Isebel se pa se naam was nie verniet Et-Baäl nie. Dit wys watter verskriklike verering die gesin waaruit Isebel opgegroeï het vir Baäl gehad het. Die diens aan Baäl het sy vertakkinge in die land van Israel wydversprei. Dit alles was vir die ware

God van Israel 'n gruwel. God sal Hom nie onbetuig laat nie. Die verskriklike droogte was 'n openbaring van God se straf oor Israel wat in hulle diens aan die ware God so afgewyk het.

\*\*\*

Maar dan het God vir Elia daar vanaf die droë spruit by 'n weduwee aan huis geplaas. Daar kom weer toetse, weer beproewinge, weer wonderwerke, Elia se lewe was met hierdie dinge deurvleg. (Toetse, beproewinge, wonderwerke!) So 'n groot wonderwerk soos wat God by die spruit laat gebeur het, waar kraaie vir Elia kos aangedra het, gebeur hier ook 'n merkwaardige wonder. Die vrou het in haar lewe gekom by wat ons genoem het, sterwensbegeleiding. Die droogte en hongersnood was in Sidon, by Sarfat net so erg soos in Israel die dag toe Elia die vrou teëkom waar sy besig was om houtjies bymekaar te maak. Sy het geglo dit is verby met haar en haar seun. Die laaste bietjie meel en die laaste druppels olie was net genoeg vir een keer se ete, dan moet sy en haar kind ook maar sterwe. Sy was daarvan oortuig.

Hoe verskriklik sou dit vir haar gewees het dat Elia vir haar meer as net water gevra het. Hy vra dat sy vir hom met daardie laaste meel en olie 'n broodjie moes bak en vir hom gee. Sy sou seker in haar gedagtes, in haar moedeloosheid kon wegsink. Hoe kan hy dit vir my vra?! Elia het egter haar meer as net brood gevra. God sal nie vra wat Hy nie eers gegee het nie. Sy beloftes! Elia het vir haar eers God se belofte kon uitspel nog voor sy haar bietjie meel en olie bymekaar sou sit, toe was God se beloftes reeds saamgevoeg. Ons lees dit weer in die 2020-Vert. Vv. 13 – 14: 13 Elia sê toe vir haar: *“Moenie bang wees nie! Gaan binnetoe en doen wat jy gesê het. Maar maak net eers vir my 'n klein roosterkoekie daarvan en bring dit vir my. Vir jou en jou seun kan jy daarna iets voorberei. 14 Want so sê die Here, die God van Israel, ‘Die kruik met meel sal nie leeg raak nie, en die fles met olie sal nie leeg loop nie, tot op die dag dat die Here reën op die aarde gee.’ ”*

\*\*\*

Alles gebeur presies soos wat die Here se belofte was. Vir baie lank het hulle drie mense van daardie bietjie meel en olie brode en brode kon bak. God wat in Christus al baie keer brood meer gemaak het. In die Ou Testament het Hy dit gedoen, ja die manna in die woestyn, daar was baie manna wat sommer vanuit die lug geval het, die volk moes dit maar net optel. Hier laat God weer die wonder gebeur, die brood raak nie op nie. Hulle ontvang hulle daaglikse brood waarvoor die Here gebid mag word. In die Nuwe Testament het Christus met 5 brode en 2

vissies sy wonders nie laat ophou nie. Daar het toe weer so baie oorgebly, die dissipels het mandjies vol opgetel.

Daar gebeur die wonder, maar een wonder laat baie keer in die lewe van Elia 'n ander wonder nie buite rekening nie. Ons as mense moet 'n oop oog hê vir wat regtig in die lewe aangaan, want van brood alleen kan jy as mens nie lewe nie. Alleen van die ewige brood van God, die brood wat uit die Woord van God na jou kom. Iets daarvan was by verlede Sondag se Nagmaal reeds afgeteken. Dit wat ons mag noem die brood van die lewe. Wat maak ek daarmee, hoe is my gesindheid, my gesteldheid, my vooropgestel idee as dit gaan om te eet van die brood wat Jesus sê as jy hiervan eet sal jy nie weer honger kry nie. Verstaan ek hierdie brood, is ek bewus van wat God regtig sê as God met die brood van sy Woord, met die brood van die lewe besig raak. Die vrou se nood was met gewone brood opgelos.

\*\*\*

Toe sy in haar hart met sterwensbegeleiding besig was, toe sy vir Elia kon sê ek maak nou vir ek en my seun die laaste broodjie dan moet ons maar sterwe, ja dan sal ons ook maar moet sterwe. Soos daar seker al baie mense op daardie stadium rondom hulle van honger gesterf het. Sy het te kenne gegee sy is reg om te sterf. Haar sterwensbegeleiding het God gemaak, aardse lewens begeleiding. Sy en haar kind bly lewe, want die man van God het mos op grond van die belofte van God die meel en die olie aan die gang gehou. Wéér die vraag, was sy regtig reg om te sterf?! Al het sy oor die dood maklik gepraat. Ons eet maar ons laaste broodjie *sodat ons dit kan eet en sterf...* Maklike woorde, hoe maklik is dit werklik?

\*\*\*

Die toetse van die lewe word baie keer nie net swaarder nie, maar hoe maklik raak ons beledigend en agterdogtig teenoor mekaar as die toetse nog moeiliker word. Dit was vir haar 'n groot toets om haar laaste bietjie meel en olie weg te gee, op grond van 'n beloftewoord, al was daar vir haar geen waarborg dat dit só sou wees nie. Sy moes maar net glo dat wat Elia sê sal gebeur. Daardie toets het sy wonderbaarlik geslaag. Enkel en alleen omdat sy geglo het, wat alreeds 'n wonderwerk is om die man van God eintlik maar net so op sy woord te neem en daardie brood gereed te kry. Sy het maar net geglo.

Toe laat God die volgende toets in hierdie vrou, ja hierdie heidense weduwee, buite Israel word weer getoets. En hier word dinge moeiliker. Sy was bereid om te sterf toe dit lyk die honger gaan haar en haar kind se lewens wegneem. Sy het op 'n manier die gedagte van dood van haar afgeskud. Nou gebeur wat ons in ons mense se koppe so moeilik die drade bymekaar kan hou. Toe sy in haar woorde gereed was om te sterf, toe bly hulle lewe. Nou laat God haar kind, terwyl Elia aan huis was, terwyl hulle versorg was, word dieselfde seun baie siek en die kind sterf. Daar was in hom geen asem oor nie, is hoe die Hebreus dit letterlik vertaal.

En die vrou se reaksie. Dié van agterdog en eintlik beledigend. Dit wat ons as mense so maklik regkry ... Sy sê vir Elia- *Kyk wat het u my aangedoen, man van God! Het u na my toe gekom om my sonde aan die lig te bring en my seuntjie daarom te laat doodgaan?*” Interessant al was sy in die Baäl land, waar die meeste mense heidens georiënteerd was maar in haar reaksie op haar kind se dood is dit opmerklik dat sy maak 'n teologiese uitspraak. Haar smarte wil sy teologies begrond. Altyd gevaarlik om met teologie rond te speel, maar ons as mense is maar daartoe geneig, veral as ek baie seergekry het. Haar teologie staan op drie bene, ja jy is 'n man van God, ja deur God het jy my lewe nie net aangeraak nie, maar oopgevlak. Haar tweede been van teologie. Jy het wel ons gewone brood laat eet, maar nou hierdie brood van smarte. Ons verdien dit nie. Haar laaste been van teologie ... Jy het die dood die huis ingedra deur jou hier wees. Jy het my sonde aan die lig gebring en my seuntjie daarom laat doodgaan.

\*\*\*

So min soos wat ons uit onself aanspraak op brood kan maak, so min kan ons uit onself aanspraak op die lewe maak. Die vrou wat ons haar verhaal dalk ongemaklik ons eie maak, laat ons besef haar vertrouwe in Elia het 'n knou weg. Daarom dalk ook haar reaksie. As my vertrouwe in iemand eers dwars begin lê, dan word dinge moeiliker. Dis van haar kant gesien. Van Elia se kant is dit ook baie moeilik. Hy kan deur God se belofte met brode en brode die huis aan die lewe laat bly maar hoe verskil die aardse lewe van die lewe wat werklik saak maak. Daar waar dit gaan om die brood van die lewe.

Daar waar ons besef ons aardse lewe is maar 'n vergestaltung van lewe maar dis nie die lewe wat gaan hou nie. Dit is maar net 'n deel van lewe ... Ons almal is aan die liggaamlike dood blootgestel, ons word so dikwels op baie harde maniere weer daaraan herinner. Al sou die kind

weer wonderbaarlik kon lewe sou hy tog ook maar weer liggaamlik moet sterwe. Ons kan nie vandag optree soos Elia opgetree het nie, want sy optrede spreek in 'n tyd toe daar nog net skaduwees van die lewe in Christus met dotjies gekoppel kon word maar vir die gelowige is dit nie meer net dotjies en skaduwees wat verbind moet word nie. Ons kan lewe uit die reguit lyne wat Christus in sy lewe vir ons kom verkondig het, kom bewys het, kom duidelik maak het. Christus het Self die lewe kom word, al sterf iemand liggaamlik, maar in Hom lewe daardie mens wat in Hom gesterwe het.

\*\*\*

Tog sou ons Elia se optrede vreemd vind, in 'n sekere sin is ons dalk ongemaklik daarmee maar wel gebeur hier dinge wat ons moet aangryp. Alles dinge voordat Christus die dood finaal kom oorwin het, maar Elia staan al tekenend van hoe daar reeds Ou-Testamenties ook van oorwinning oor die dood in alle vorme sprake was. Ook die liggaamlike dood. Elia dra die kind na sy bo-kamer. Dan gaan lê hy 3 keer op die lyk van die seun. Nou weet ons in die Hebreeuse begrip van dood mag ek nie aan die liggaam van 'n dooie raak nie. Dan was die persoon as onrein beskou. So n persoon sou deur hele paar rituele moes gaan om weer rein te word. Tog gaan Elia die gebruikte en gelowe van sy tyd verby want hy is tot groter dinge geroep.

Ook in die simboliek van getalle wys Elia dat die Here Hy is God. Hy is tot groot dinge in staat. Die getal *twee* speel hier al 'n groot rol. Daar word twee keer vertel dat die seun siek geword het. Elia bely twee keer dat die Here, *my God* is. Twee keer word daar na die rol van die bo-kamer verwys. Eers het hy die seun daarheen opgedra en watter vreugde dat hy die kind ook weer lewend daar kon afdra. Aangrypend antwoord die vrou ook met 'n twee maal reaksie. As sy haar seun lewend terug ontvang dan bely sy twee keer dat sy is deur waarheid omring. Een kant sien sy Elia hy is waarlik 'n man van God. Die een wat sy so pas teologies wou dwarsboom maar nou tref die waarheid haar. En dan haar tweede waarheid, ja die nog groter waarheid dat alles wat die Here sê dat dit werklik die waarheid is. Die teoloog in die vrou neem 'n baie mooier gestalte aan as die teologie waarmee sy Elia wou beskuldig en beledig.

Tog is nie net die getal *twee* vol ryke simboliek in wat hier gebeur het nie, maar ook in besonder die getal *drie*. Ons moet dit ook goed raaksien. Die verhaal wys na drie kante nl. dat God teenwoordig is, dat Hy regeer, dat Hy in volle beheer is. Daarom dat Elia sy liggaam drie maal

oor die liggaam van die toe nog dooie kind wou uitstrek. Ons kan hierdie eintlik as iets van die groot hoogtepunt in vandag se gebeure beskou. Elia se drie maal op die kind gaan lê. Jesus se liggaam wat ook drie dae, ja op die derde dag was Hy nog dood, maar Hy het op die Sondag na die verskriklike Vrydag uit die dood opgestaan. Geen simboliek van getalle staan in God se Woord los vanmekaar nie. Alles het met mekaar te make.

Reeds in die Ou Testament het die skrywers met getalle 'n besondere boodskap wou oordra. Ons noem dit *gematria*. Want sou ons nou weer die getal *twee* en die getal *drie* bymekaarvoeg dan word dit *vyf*. *Die vyf* vingers aan een hand, word een hand wat kan raakvat en vasvat. Daarom dat met die getal word een hand wat kan raakvat en vasvat. Daarom dat met die getal vyf word daar dikwels na die genade van God verwys. Die genade wat aan hierdie vrou bewys kon word dat haar kind in daardie bovertrek weer lewend kon word, ja weer na haar afgedra kon word, anders as wat die kind daar opgedra was.

\*\*\*

Tog sal ons vandag 'n groot fout maak as ons dink hierdie gebeure rondom Elia is maar net om ons die wonder van die lewe uit die dood te laat aanskou. Eintlik gaan dit om baie meer! In Elia en die weduwee en die opgewekte kind se lewe moet dit om meer gaan nl. om aan God die eer te gee. Dit mag om niks anders gaan as om God ook in hierdie gebeurtenis te eer en sy Naam groot te maak nie. God wat wys Hy regeer waar selfs die dood heers. Hy regeer waar die droogte heers, dit het die kos verhale gewys, die kraaie en die meel en die olie, alles tekenend van God regeer oor die droogte, al is die wêreld hoe droog. God regeer ook oor die dood, al is die kind se asem reeds weg. God wys sy teenwoordigheid op so 'n wyse dat ons nie anders kan as om Hom te verheerlik nie. As Elia vir die vrou sê – *Kyk, jou seun lewe*, dan is dit eintlik al weer 'n hele preek op sy eie. Hoe wonderlik die God wat lewe neem maar ook lewe gee. In Hom het ons dié lewe.

Dis waarmee ons in hierdie gedeelte van Elia se lewe vandag mee mag huiswaarts keer. Daar is niemand soos Hy wat die Here is nie. Die vrou erken dit nou ook – *Nou weet ek dit dat u 'n man van God is*. Dit wat vir Elia 'n groot verleentheid was, het God nou 'n groot geleentheid gemaak. Selfs in ons swaar en in ons vrae, is ons intens bewus van God is nie net daar teenwoordig waar dit met ons goed gaan nie. God is ook op die plekke waar daar hartseer,

terugslae en rampe plaasvind. Ons ontdek deur die rampe al hoe meer groot God se teenwoordigheid werklik is. Dis juis mos in tye wat dit sleg gaan wat die mens eintlik meer God se teenwoordigheid opsoek as in die goeie tye. Die tye wat ek as't ware op my knieë vasgedruk word, dan sien ons God se teenwoordigheid soveel duideliker raak.

Ons besef dat waar God in Christus die lewe skenk is dit nie meer nodig om in die lewe van 'n gewone mens die lewe te wil soek waar die mens liggaamlik gesterf het nie. Die wonder van lewe is nou in Christus soveel groter en duideliker. God se eie Seun het uit die dood opgestaan om nie weer te sterf nie. Hom mag ons ken, Hom dien, aan Hom vashou, ja dan is die liggaamlike dood reeds 'n lewe in Hom geleef al sterf die liggaam ook. Dis 'n nog groter wonder as maar net die feit waar Elia se liggaam en Elia self die woorde van lewe kon spreek. Ons lewe spreek van 'n baie groter bo-vertrek, ja van die hemele self, soveel groter as die bo-vertrek waar Elia was.

AMEN